# 31 Augustus 2023 - Lesing 114 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur di Innerlike Woord***

Verdrywing van destruktiewe geeste. Die afweer van hulle. **–** 9/8/59

**No: 7388** In die Naam van die gekruisigde Heiland JaHshua Messias sal julle **alle lae geeste** kan verdryf uit julle nabyheid, want die Naam JaHshua dra krag wat hulle oormeester, sodat hy julle sal opgee en vlug. Julle sal in die komende tyd heel dikwels julle toevlug tot hierdie hulp moet neem, omdat die werksaamheid van satan se aanhang steeds erger word met die oog op die einde, wat hierdie geeste wel bespeur en hulle dus weet dat hulle nie veel tyd meer het nie.

Hulle verwag die hernieude kluistering omdat hulle hulself nog nie bekeer het nie en alhoewel hulle nie heeltemal bewus daarvan is nie, **weet hulle tog dat hulle van hul vryheid beroof gaan word**, wat hulle nou nog in ‘n sekere mate het, omdat hulle gesteun word deur die vors van die duisternis, wie hulle dien. Hulle weet dat hulle hierdie vryheid gaan kwytraak en woed daarom buitengewoon hewig om julle mense wat aan My wil behoort, tot ‘n val te bring. Maar hulle is totaal magteloos sodra die **Naam JaHshua Messias**, wie hulle vrees en vir wie hulle vlug, teen hulle gebruik word.

Hierdie bose geeste werk as afgesante van die Satan op julle in en julle bemerk hul werksaamheid as **onrus, onvrede, moeilikhede en lyding van allerlei soort** en deur **sielswakte en gebondenheid**, want hulle hinder julle, waar hulle maar kan, by goeie handelinge of ook by betrekkinge van geestelike aard met die ligwêreld en haar bewoners.

Hulle hou julle aan die wêreld geketting deurdat hulle julle steeds wêreldse gedagtes influister en probeer om julle te boei deur sulke gedagtes, **om julle af te keer van ’n geestelike strewe, geestelike gedagtes en goeie werke.** Julle siel sal haar geestelik in die noute gedryf voel, sonder om die direkte rede hiervoor te weet en dan sal julle altyd kan aanneem dat dit slegte geeste is wat haar in duister sfere wil intrek, al is dit **meestal ook sonder sukses** as hulle dit probeer by diegene wat aan My wil behoort en wie se harte al aan My behoort deur hul wil.

**Die wil wat op My gerig is, beskerm die mense teen alle aanvalle van die bose**, sodat hulle nie ‘n prooi daarvan word nie, maar alleen emosioneel te ly het onder hulle kwellinge, want die geeste **beroof hulle van alle geestelike vrede** in opdrag van hul heer, wat alle bevryding deur JaHshua Messias probeer verhinder.

Daarom hoef julle slegs die Naam JaHshua met volle aandag uit te spreek en julle dryf die vyand van julle weg, wie hulle nie daar ophou waar JaHshua Messias is nie, Wie egter met sekerheid elke aanroep sal nakom en julle daarom altyd ‘n veilige beskerming het met die aanroep van Sy geheiligde Naam.

Die kruisdood was nie tevergeefs nie, Hy het tallose siele uit die hande van die vyand geruk en Hy sal nog tallose siele van hom ontruk, want wat Hy ondergaan het, **was vir tyd en ewigheid, vir die hede, die verlede en die toekoms** en steeds weer sal die Satan die mag van die Naam JaHshua moet ondervind, want hy sal sy aanhang verloor ofskoon hy glo om die opperheerskappy te behaal in die stryd om die siele van die mense.

En selfs hulle wat hy wen deur hul gesindheid, word **hom weer ontneem en sal weer opnuut gekluister word in die materie** en die teenstander raak die siele weer kwyt vir 'n eindelose lang tyd.

Glo dat julle mag oor hom het, dat hy die oorwinning nie hoef te behaal nie, glo dat julle ‘n wapen besit, waarmee julle hom met sekerheid sal kan verjaag, **wanneer julle My maar in JaHshua Messias aanroep**, sodat Ek julle kan beskerm teen hom.

En julle sal My beskerming ervaar, julle sal bevry word van sy mag, want julle is deur My Naam sterker as hy, omdat julle My aanroep en Ek julle waarlik nie sonder hulp sal laat nie. Want Hy Wie aan die kruis gesterf het vir julle, is waarlik groter en sterker as die vyand van julle siel en **Hy sal ook Sy Mag gebruik wanneer julle Hom aanroep om hulp**. Amein.